Deur Marius Fourie

KONINKRYK IN DIE WERKPLEK
DÍT IS ONS HART

Ons bring daagliks 'n groot deel van ons tyd deur in die werkplek. Employers for Christ (EFC) is ‘n voertuig om mense te help beweeg van ‘n wêreldse ekonomie na die koninkryksekonomie binne die werkplek. EFC is reeds vanaf 2007 betrokke in die werkplek en ondersteun tans weekliks 2 035 besigheidseienaars en werknemers.

Een keer per week fasiliteer ‘n goed toegeruste geestelike werker ‘n 30 minute-sessie op die perseel. Saam word tyd in die Woord spandeer, gesels oor die karakter van ons Vader, Jesus as Verlosser, ons identiteit in Hom en hoe Bybelse manne hul geloof uitgeleef het.

Ons gesels oor die hoop en beloftes wat ons vind in ‘n verhouding met Hom, die daaglikse keuse tussen lig en donkerte, asook oor relevante onderwerpe vanuit ‘n Bybelse perspektief soos familie, finansies, ons werk, stres en konflikhantering. Dit bly nie net by gesels nie - tyd word ook bestee aan die praktiese implementering van geestelike beginsels en hoe om dit toe te pas. Gesamentlike gebed ondersteun die proses.

Ons doel is om deelnemers te motiveer om Jesus te leef en om mense in die werkplek met die lewegewende krag van die waarheid toe te rus. Ons slagspreuk is daarom om mense na ons Verlosser te wys en Hom gedurig voor oë te hou. In elke uitdaging, wys ons jou na Hom, in elke verhouding draai ons jou aangesig na Hom en lewens word verander.

‘n Paar getuienisse:
“My wêreld verander in ‘n pragtige wêreld. Ek is geseënd om elke Vrydag na die sessies te kan luister.”

“Dit maak ‘n baie groot verskil in my lewe, want soms is ‘n mens hartseer en wanneer jy by die werk kom en die Woord van die God hoor voel, jy baie beter.”

“Die bediening voeg waarde toe tot my lewe. Ek leer meer oor liefde, dat ons mekaar moet liefhê en geregtigheid moet nastreef.”

Ons hoor gereeld stories van werknemers wat saam na God se stem luister, families wat weer gelukkig is en mense wat weer hulle roeping uitleef. Ons gun dit vir elke werkplek, familie en gemeenskap in ons land en vir die lewens van behoeftiges om aangeraak te word tot God se eer. Dít maak ons blymoedig van gees!

Loer gerus na Employers for Christ se Facebook-profiel en kyk na die bekendstellingsvideo om die harte van die mense betrokke te hoor.

Neem vandag die besluit om jou werkplek by God se planne in te skakel deur Bybelgefundeerde opleiding en bediening.

Kontak Marius Fourie vir ‘n verdere gesprek by: marius@employersforchrist.co.za | 082 336 1038.